

## **Tema: Vir kort tydjie verlaat om vir ewig versamel te word**

**Voorlesing: Jesaja 54**

**Preek: Jesaja 54:7,8**

*“Vir klein oomblik het Ek jou verlaat, maar, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. In uitstorting van toorn het Ek vir oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die HERE, jou Verlosser.”*  
(’53-vertaling)

Wat maak ons, as ons sien hoe die kerk wegwyn en verstrooi word? Neem ons aksiestappe om die situasie te red? Verwyt ons mekaar? Probeer ons vasstel wie se skuld dit is dat daar verflouing en afdwaling plaasvind?

Die probleem kan veel groter as dit wees. Die kerk kan wegwyn en verstrooi word, omdat die HERE ons verlaat en anderpad kyk, soos wat Hy in Jesaja se tyd met die gemeente in Jerusalem gedoen het. Wat maak ons as die HERE self die verflouing en verstrooiing bewerk?

Ons het net EEN OPSIE: GLO SY BELOFTES, BOU DAAROP EN VERTROU HOM VIR DIE UITVOERING DAARVAN.

### **Glo sy beloftes**

Die Here beloof hier aan Jerusalem/Israel, sy kerk, dat Hy hulle weer **met groot ontferminge sal vergader, en dat sy goedheid vir ewig sal wees**. As Hy van Israel ver wag het om hierdie beloftes te glo, het ons soveel meer rede om dit te glo. **Ons het die waarheid in Jesus:** Hy was vir klein oomblik deur God verlaat om vir ons die poort na God se ewige ontferminge oop te maak.

### **Bou daarop voort**

Die HERE moedig Israel hier aan om **te jubel en te juig**, al lyk hulle toestand soos dié van ’n vrou wat nie kan kinders hê nie, of erger nog, ’n jong weduwee wat nie verlosser swaer het om kinders by haar te verwek nie. Nogtans moet sy haar tent groter maak vir die kinders wat sy wel gaan ontvang, die kinders wat God, haar “Man”, uit genade vir haar gaan gee. **Ons het die opdrag in Jesus:** Versamel God se kinders deur die evangelie te verkondig, maak die tent van genade stewig, maar wyd en oop – nie so ingeperk soos die tent van die wet wat in die woestyn opgerig is nie.

### **Vertrou Hom vir die uitvoering**

Ons moet elke dag onthou dis **die HERE se kerk, nie ons s’n nie**. Hy beywer Hom vir die toekoms van sy kerk op ’n wyse veel beter en heerliker as wat ons kan dink of droom. Dit sal wees soos **stad wat met edelstene gebou is** (v 11-17). Die laaste woord is nog nie gepreek nie en die laaste aanslag word nog nie beleef nie, maar wanneer dit gebeur

sal ons sien dat Hy getrou gebly het aan al sy beloftes, daarom moet ons enduit op Hom vertrou en sy Woord verkondig.

### **Toerusting/toepassing**

- Word ons dalk onkant gevang deur gebrek aan Skrifkennis, want daar staan geskrywe: “*Dit moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom.*” (2 Tim 3:1)?
- Word ons aangemoedig deur Jesus se versekering: “*...en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.*” (Mat 16:18)?
- Getuig ons bediening en bedieningstyl daarvan dat ons die tent van God se genade wyd oopspan en die tentpenne diep inslaan?
- Hoe kan ons te midde van verval en verstrooiing nog steeds jubel en juig tot eer van die Here?
- Wat sê ons as ons elke Sondag saam getuig dat ons glo aan “*een, heilige, algemene en apostoliese kerk*”?
- Hoe gee ons uitvoering aan hierdie geloof wat ons so openlik getuig?

### **Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis:**

“Ons glo en bely enige katolieke of algemene kerk, heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het – soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.” (Psalmboek, p 23)